
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

Province of the EASTERN CAPE EDUCATION

# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

## GRADE 12

## JUNIE 2024

# EKONOMIE V1 NASIENRIGLYN

**PUNTE: 150**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 22 bladsye.

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING A (VERPLIGTEND)

## VRAAG 1

### 1.1 MEERVOUDIGE KEUSE-VRAE

1.1.1 A – inkomste-metode ✓✓

1.1.2 D – Kuznets-siklus ✓✓

1.1.3 C – plaaslike ✓✓

1.1.4 D – handelsbalans ✓✓

1.1.5 B – outonome verbruik ✓✓

1.1.6 C – tendenslyn ✓✓

1.1.7 D – aanspreeklikheid ✓✓

1.1.8 A – depresiasie ✓✓ (8 x 2) (16)

### 1.2 PAS-ITEMS

1.2.1 D – 'n Som van belasting, invoere en besparings in 'n sirkulêre vloei ✓

1.2.2 E – Die regeringsbeleid wat daarop gemik is om ekonomiese groei te skep sonder om inflasie te veroorsaak ✓

1.2.3 B – Goedere wat voordele vir hul gebruikers en die ekonomie inhou ✓

1.2.4 A – Spesiale vorm van krediet wat die IMF kan gebruik wanneer 'n land betalingsbalansprobleme ondervind ✓

1.2.5 C – Die proporsie bykomende inkomste wat huishoudings kies om aan goedere en dienste te bestee ✓

1.2.6 I – Word gebruik om geldvoorraad te beheer deur die koop en verkoop van staatseffekte ✓

1.2.7 H – besighede wat geheel of gedeeltelik deur die staat besit word en deur 'n openbare owerheid bestuur word ✓

1.2.8 F – Koop van finansiële bates soos aandele in maatskappye op die aandelebeurs van 'n ander land ✓ (8 x 1) (8)


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.3 **GEE EEN TERM**

1.3.1 Oop ekonomie ✓

1.3.2 Trog ✓

1.3.3 Fiskale beleid ✓

1.3.4 Globalisering ✓

1.3.5 Mediumtermyn-bestedingsraamwerk ✓

1.3.6 Ekonomiese groei ✓ (6 x 1) (6)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING B

Beantwoord TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

## VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE

2.1 2.1.1 **Noem enige TWEE kenmerke van openbare goedere.**

- Nie-uitsluitbaar ✓
- Nie-mededinging ✓
- Ondeelbaar ✓
- Oneindige/Eindelose verbruik ✓
- Nie-verwerpbaar ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Enige 2 x 1) (2)

2.1.2 **Hoe kan mededinging totale aanbod stimuleer?**

- Mededinging laat die vestiging van nuwe besighede in verskillende industrieë toe wat die produksie van goedere en dienste sal verhoog, wat die totale aanbod sal stimuleer. ✓✓
- Mededinging moedig bestaande besighede aan om meer doeltreffende produksiemetodes te gebruik wat produktiwiteit sal verhoog, en totale aanbod sal stimuleer. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Enige 1 x 2) (2)

2.2 **DATARESPONS**

2.2.1 **Identifiseer ʼn term wat verwys na besteding wat nie van inkomste afhang nie.**

Outonome verbruik ✓ (1 x 1) (1)

2.2.2 **Noem EEN deelnemer in ʼn geslote ekonomie.**

- Regering/Die Staat ✓
- Huishouding/Verbruikers ✓
- Firmas/Besighede/Produsente ✓ (Enige 1 x 1) (1)

2.2.3 **Beskryf kortliks die konsep *vermenigvuldiger.***

ʼn Klein aanvanklike toename in besteding lewer ʼn proporsioneel groter toename in totale nasionale inkomste. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)


SA EXAM PAPERS


SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.2.4 **Verduidelik die impak van 'n toename in besparings op die waarde van die vermenigvuldiger.**

As besparings toeneem, sal daar minder geld beskikbaar wees om aan plaaslike goedere en dienste te bestee en die waarde van die vermenigvuldiger sal kleiner wees. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

2.2.5 **Teken 'n goed-benoemde grafiek van 'n vermenigvuldiger deur die inligting uit die uittreksel te gebruik.**




Nasienrooster
Korrekte tekening en byskrifte van asse = 1 punt
Korrekte tekening en aanduiding van outonome verbruik = 1 punt
Korrekte aanduiding van die verbruiksfunksie = 1 punt
Korrekte aanduiding van die ewewig nasionale inkomstebedrag = 1 punt
Korrekte tekening en aanduiding van die ewewigslyn (E = Y) = 1 punt
(Maks. = 4) (4)

2.3 **DATARESPONS**

2.3.1 **Identifiseer 'n rede vir openbare sektor mislukking uit die inligting hierbo.**

- Politici ✓
- Burokrasie ✓ (Enige 1 x 1) (1)

2.3.2 **Noem EEN kenmerk van fiskale beleid.**

- Doelgebonde ✓
- Vraagsydig ✓
- Siklies ✓ (Enige 1 x 1) (1)

2.3.3 **Beskryf kortliks die term *openbare sektor mislukking.***

Openbare sektor mislukking vind plaas wanneer die openbare sektor nie daarin slaag om die ekonomie en hulpbronne onder sy beheer optimaal te bestuur nie. ✓✓/ Wanneer regerings-ingryping in die ekonomie 'n meer ondoeltreffende en oneffektiewe toewysing van hulpbronne tot gevolg het. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoorde.)
(Enige 1 x 2) (2)

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.3.4 **Verduidelik die impak van hoë staatskuld op die voorsiening van openbare goedere en dienste.**

- Hoë staatskuld belemmer ŉ regering se vermoë om openbare goedere te verskaf, maar fokus eerder op die terugbetaling van die skuld. ✓✓
- Met die bestaande skuld is die regering nie in staat om by dieselfde instansie te leen om maatskaplike dienste te lewer nie. ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante en korrekte antwoord.)

(Enige 1 x 2) (2)

2.3.5 **Hoe kan mislukking in die openbare sektor die ekonomie beïnvloed?**

- Die land kan makro-ekonomiese probleme ondervind soos lae ekonomiese groei en hoë werkloosheid ✓✓
- Sosiale onstabiliteit kan gebeur as gevolg van die regering se versuiming om dienste te verskaf ✓✓
- Swak implementering van progressiewe belasting kan groei in ongelyke inkomsteverdeling tot gevolg hê ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoorde.) (Enige 2 x 2) (4)

2.4 **Bespreek kortliks die reële (werklike) sakesiklus sonder die grafiek.**

- ŉ Werklike sakesiklus word verkry wanneer die uitwerking van onreëlmatige gebeure, seisoene en langtermynneigings uit tydreeksdata verwyder word. ✓✓
- Reële sakesiklusskommelings is die gevolg van eksogene veranderinge in die werklike ekonomiese omgewing. ✓✓
- Eksogene faktore, soos tegnologiese vooruitgang, veroorsaak fluktuasies in reële uitset/aanbod. ✓✓
- Sulke aanbodkant skokke in die produksiefunksie veroorsaak fluktuasies in uitset en indiensneming. ✓✓
- Dit veroorsaak die styging en afname van die ekonomiese aktiwiteite wat in ŉ ekonomie plaasvind, dit wil sê die uitbreiding en resessie van die ekonomie. ✓✓
- Willekeurige tegnologiese veranderinge veroorsaak permanente uitwerking op potensiële uitset. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Enige 4 x 2) (8)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.5 **Hoe kan die Suid-Afrikaanse regering die gehalte van openbare sektorvoorsiening verbeter?**

Die Suid-Afrikaanse regering kan die gehalte van openbare sektor-voorsiening verbeter deur:

- die toekenning van staatskontrakte vir dienslewering aan maatskappye met 'n positiewe rekord ✓✓
- die toekenning van voldoende hulpbronne aan verskillende departemente om dienslewering sonder mislukking te verseker ✓✓
- die uitskakeling van onnodige reëls en prosedures (burokrasie) om doeltreffende dienslewering te verseker ✓✓
- die uitskakeling van korrupsie onder staatsamptenare deur die implementering van fluitjieblasers-kanale soos direkte telefoonlyne om korrupsie aan te meld ✓✓
- staatsamptenare in diens te neem gebaseer op kwalifikasies, vaardighede en ondervinding om hoë bevoegdheidsvlak in die publieke sektor te verseker ✓✓
- aansporings soos prestasiebonusse aan staatsamptenare te bied om hulle te motiveer om hul take suksesvol uit te voer ✓✓
- verbetering of opgradering van die verouderende infrastruktuur om betroubare dienslewering te verseker ✓✓
- vermyding van nepotisme, begunstiging, omkopery en kaderontplooiing in werwingsprosedures in die openbare sektor ✓✓
- privatisering van sommige staatsbates om doeltreffendheid in dienslewering te verbeter, ✓✓ bv. indien Eskom geprivatiseer kon word, kan elektrisiteitsvoorsiening verbeter ✓
- om staatsamptenare vir hul besluite en optrede aanspreeklik te hou. ✓✓
- die implementering van streng maatreëls om die wanbestuur van belastingbetalers se geld te verminder, ✓✓ bv. intensivering van die implementering van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (PFMA) ✓
- die vorming van Private Openbare Vennootskappe om 'n vinniger, meer doeltreffende lewering van goedere en dienste moontlik te maak ✓✓
- die aanmoediging van 'n mededingende werkskultuur deur talentvolle individue aan te stel en deur mededingende vergoedingspakkette te behou ✓✓
- die ontwikkeling van 'n raamwerk vir die aanstelling en betaling van lede aan die rade van maatskappye in staatsbesit. ✓✓
- fokus op skaars hulpbronne vir die grootste finansiële impak ✓✓
- die opstel van duidelike kosteberekening en ontwikkelingsmandate met finansiële implikasies duidelik uiteengesit ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Enige 4 x 2)
**(Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir 'n blote lys van feite/voorbeelde.)** (8)

**[40]**


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 3: MAKROEKONOMIE

3.1 3.1.1 **Noem enige TWEE aanwysers wat in vooruitskatting van sakesiklusse gebruik word.**

- Leidende aanwyser ✓
- Sloerende aanwyser ✓
- Samevallende aanwyser ✓
- Saamgestelde aanwyser ✓ (Enige 2 x 1) (2)

3.1.2 **Hoe kan inkomstebelasting kerwe belastingbetalers beïnvloed?**

- ŉ Verhoging in inkomste kan belastingbetalers in hoër belastinggroepe stoot, indien belastinggroepe dieselfde bly, wat hoër belasting tot gevolg het. (Kerfverskuiwing) ✓✓
- Belastingbetalers ontvang nie die volle voordele van ŉ verhoging in hul lone nie. ✓✓
- ŉ Verhoging in inkomste sal nie huishoudings na hoër belastingkerwe verskuif nie as belastingkerwe toeneem nie, en sodoende kerfverskuiwing voorkom.
- Belastingverligting sal aan werkers verskaf word aangesien hul bestaande salaris in ŉ laer belastinggroep kan val ✓✓
- Hul besteebare inkomste kan toeneem sodat hulle meer aan goedere en dienste kan bestee ✓✓

**LET WEL:** Aanvaar die verduideliking vir ŉ afname in die belastingkerf wat ŉ negatiewe impak op die verbruiker se besteebare inkomste sal hê.

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)(Enige 1 x 2) (2)

3.2 **DATARESPONS**

3.2.1 **Identifiseer ŉ sakesiklus fase uit die uittreksel hierbo.**

Herstel ✓ (1)

3.2.2 **Noem EEN tipe sakesiklus.**

- Kitchin ✓
- Jugler ✓
- Kuznets ✓
- Kondratieff ✓ (Enige 1 x 1) (1)

3.2.3 **Verduidelik kortliks die term *sakesiklusse*.**

ŉ Sakesiklus verwys na opeenvolgende periodes van toenemende en dalende ekonomiese aktiwiteit, oor ŉ tydperk. ✓✓
(Aanvaar enige korrekte relevante antwoord.) (2)



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



3.2.4 **Verduidelik die belangrikheid van bewegende gemiddeldes as ’n kenmerk wat in vooruitskattings gebruik word.**

- Bewegende gemiddeldes behels die herhaaldelike berekening van ’n reeks verskillende gemiddelde waardes langs ’n tydreeks om ’n gladde kromme te produseer. ✓✓
- Dit word gebruik om die veranderinge in ’n reeks data oor ’n sekere tydperk te ontleed. ✓✓
- Ekonome gebruik bewegende gemiddeldes om die effek van skerp skommelinge in die sakesiklus uit te skakel ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)(Enige 1 x 2) (2)

3.2.5 **Hoekom is dit belangrik vir ekonome om voorspellings te maak?**

- Voorspellings dui aan wanneer die volgende verandering in die sakesiklus sal plaasvind. ✓✓
- Voorspellings word gebruik om ’n idee te kry van waarheen die ekonomie op pad is. ✓✓
- Beleggers gebruik voorspellings om hul strategie aan te pas om voordeel te trek uit toekomstige markgebeure wat hul inkomste sal beïnvloed.✓✓
- Besighede gebruik voorspellings om ekonomiese gebeure te bepaal. ✓✓
- Beleidmakers gebruik voorspellings om moontlike veranderinge aan monetêre beleid aan te bring ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)(Enige 2 x 2) (4)

## 3.3 DATARESPONS

3.3.1 **Identifiseer ’n diagram hierbo wat ’n toename in die aantal toeriste van die VSA na Suid-Afrika voorstel.**

Diagram **A** ✓ (1)

3.3.2 **Noem die wisselkoersstelsel wat in Suid-Afrika gebruik word.**

Vryswewende wisselkoersstelsel ✓ (1)

3.3.3 **Beskryf kortliks die term *wisselkoers.***

Wisselkoers is die prys van een geldeenheid in terme van ’n ander geldeenheid. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



3.3.4 **Verduidelik die impak op die rand as die aantal toeriste van Suid-Afrika na die VSA afneem.**

- ’n Afname in die aantal toeriste van Suid-Afrika na die VSA sal ’n afname in die vraag na dollars veroorsaak, daarom sal die VSA die aanbod van dollars aan Suid-Afrika verminder ✓✓
- Die verminderde aantal toeriste sal die aanbodkromme van A1 na A2 verskuif ✓✓
- Die wisselkoers sal styg namate die rand teenoor die dollar depresieer ✓✓ (Enige 1 x 2) (2)

3.3.5 **Watter voordele kan lande van die wêreld uit internasionale handel verkry?**

- Internasionale handel is ’n belangrike stimulant vir die ekonomiese groei van ’n land. ✓✓
- Vraag na sekere produkte deur burgers van lande sal toeneem namate handel toeneem, wat lei tot verhoogde produksie, werksgeleenthede, verhoogde inkomste en verhoogde uitgawes.✓✓
- Dit sal lei tot ’n hoër ekonomiese groeikoers vir lande van die wêreld. ✓✓
- Om in te voer gee burgers ook toegang tot ’n verskeidenheid goedere ✓✓
- Infrastruktuur, soos hawe- en vervoernetwerke, sal ontwikkel word om die hoë volumes goedere te verskuif. ✓✓
- Onbeperkte internasionale handel verhoog mededinging. ✓✓
- Mededinging aan die ander kant verhoog doeltreffendheid omdat dit die uitskakeling van onnodige koste en alle vermorsing vereis. ✓✓
- Toenames in doeltreffendheid lei tot laer pryse. ✓✓

(Enige 2 x 2) (4)

3.4 **Bespreek die endogene (Keynesiaanse) verduideliking van sakesiklusse.**

- Dit is faktore wat die ekonomie van binne die markstelsel sal beïnvloed ✓✓
- Hulle glo dat markte inherent onstabiel is ✓✓
- Regeringsingryping is nodig ✓✓
- Prysmeganisme gee aanleiding tot opswaai en afswaai ✓✓
- Byvoorbeeld: veranderinge in patrone van verbruikersbesteding lei tot beleggingsbesteding ✓✓ (Enige 4 x 2) (8)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



3.5 **Hoe kan die nasionale begroting sosio-ekonomiese regte bevorder?**

- Meer fondse moet toegewys word in gebiede wat van kritieke belang is vir die bevordering, beskerming, nakoming en respek van menseregte. ✓✓
- Die regering moet meer bestee aan vroeë kinderontwikkeling, basiese onderwys en gesondheidsorg. ✓✓
- Die begroting moet voldoende voorsiening maak vir finansiële hulpbronne aan plaaslike owerhede wat verseker dat basiese dienslewering soos water en sanitasie verbeter word. ✓✓
- Die regering moet welsynsbetaling volgens inflasie aanpas om te verseker dat huishoudings hul basiese behoeftes soos kos bekostig. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (8)

**[40]**



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES

4.1 4.1.1 **Noem enige TWEE kenmerke van openbare sektor mislukking.**

- Ondoeltreffendheid ✓
- Onbekwaamheid ✓ (2)

4.1.2 **Hoe kan die regering belasting gebruik om ekonomiese herstel te stimuleer?**

- Verminder persoonlike inkomstebelasting om huishoudings se besteebare inkomste te verhoog en totale vraag in die ekonomie te stimuleer. ✓✓
- Verminder korporatiewe inkomstebelasting om winsvooruitsigte vir besighede te verhoog, sodat hulle meer goedere en dienste kan produseer. ✓✓
- Indirekte belastings soos BTW en sommige aksynsbelasting kan verminder word om verbruikersbesteding te stimuleer. ✓✓
- Verskaf belastingvrystellings of belastingvakansies aan nuutgestigte besighede sodat hulle hulself kan vestig en meer uitset lewer. ✓✓
- Verhoog belasting op invoer (tariewe) om die vraag na plaaslike goedere te verhoog en binnelandse produksie te stimuleer. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Enige 1 x 2) (2)

4.2 **DATARESPONS**

4.2.1 **Identifiseer die belastingkoers waarteen die regering belastinginkomste maksimeer.**

50% ✓ (1)

4.2.2 **Noem enige vorm van indirekte belasting wat huishoudings aan die regering betaal.**

- Belasting op Toegevoegde Waarde / BTW ✓
- Aksynsbelasting (Sondebelasting, Brandstofheffing, Koolstofbelasting, Suikerbelasting) ✓
- Invoerbelasting / Invoertarief ✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (1)

4.2.3 **Beskryf kortliks die term *progressiewe belasting*.**

Belastingstelsel waarvolgens mense in hoër-inkomste groepe hoër belastingkoerse as dié in laer-inkomste groepe betaal. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



4.2.4 **Verduidelik die effek van 'n regressiewe belastingstelsel op inkomsteverdeling.**

Regressiewe belastingstelsel maak dat inkomste meer ongelyk verdeel word / Die inkomste-ongelykheid onder die bevolking sal toeneem / Die gaping tussen lae-inkomsteverdieners en hoë-inkomsteverdieners sal toeneem namate lae-inkomsteverdieners hoër belastingkoerse betaal as hoë-inkomsteverdieners. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

4.2.5 **Hoekom sal belastinginkomste afneem as die regering baie hoë belastingkoerse instel?**

- Sommige besighede en individue kan gedwing word om belasting te ontduik, wat tot laer belastinginkomste vir die regering lei. ✓✓
- Sommige werkers mag dalk ontmoedig word om die arbeidsmark te betree wat die belastingbasis vir die regering sal verminder . ✓✓
- Besighede kan produksie verminder of hul beleggings uit die ekonomie onttrek, wat die belastingbasis laat krimp. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (4)

4.3 **DATARESPONS**

4.3.1 **Identifiseer die tydperk met die laagste repokoers in die inligting hierbo.**

Januarie 2023 – April 2023 ✓ (1)

4.3.2 **Noem die komitee wat verantwoordelik vir rentekoersbesluite in Suid-Afrika is.**

SARB Monetêre Beleidskomitee ✓ (1)

4.3.3 **Beskryf kortliks die term *repokoers*.**

Dit is die rentekoers waarteen die sentrale bank van 'n land geld aan kommersiële banke leen. ✓✓
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)

4.3.4 **Verduidelik die verband tussen inflasie en werkloosheid in die Phillips-kromme.**

- 'n Verlaging in werkloosheid sal 'n toename in inflasie veroorsaak as gevolg van die verhoogde hoeveelheid besteding deur mense wat voorheen werkloos was. ✓✓
- Omgekeerde verwantskap vind plaas wanneer werkloosheid afneem, en inflasie sal toeneem.✓✓ (Enige 1 x 2) (2)



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



4.3.5 **Hoe kan morele oorreding gebruik word as 'n instrument om die oorverhitte ekonomie af te koel?**

- Wanneer die Suid-Afrikaanse Reserwebank banke oorreed om versigtiger te wees wanneer hulle krediet toestaan, word buitensporige besteding aan bande gelê en dus word sakesiklusse gestabiliseer. ✓✓
- Deur morele druk op banke uit te oefen, moedig hulle hul kliënte aan om eerder te spaar as om te bestee en sodoende inflasionêre druk te verminder. ✓✓
- Streng maatreëls wat deur banke toegepas word wanneer geld uitleen, verminder onnodige lenings en bekamp daardeur vraagtrekinflasie. ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante en korrekte antwoord.)

(Enige 2 x 2) (4)

4.4 **Bespreek kortliks prysstabiliteit en ekonomiese regverdigheid as makro-ekonomiese doelwitte.**

**Prysstabiliteit**

- Pryse is stabiel wanneer inflasie binne sekere perke gehou word. ✓✓
- Rentekoerse as die hoofinstrument van monetêre beleid word gebruik om pryse binne hierdie perke te hou. ✓✓
- Stabiele begrotingstekorte het ook 'n stabiliserende effek op die inflasiekoers. ✓✓
- 'n Inflasieteiken van 3%–6% was suksesvol om inflasie binne sekere perke te hou. ✓✓
- Stabiele pryse veroorsaak werkskepping en ekonomiese groei. ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante en korrekte antwoord.) (Enige 2 x 2)
(Maks. 4)

**Ekonomiese regverdigheid**

- Daar is billikheid in die ekonomie wanneer daar nie die rykes of armes is nie. ✓✓
- Herverdeling van inkomste en rykdom is noodsaaklik vir hierdie ekwiteit. ✓✓
- Progressiewe belasting, belasting op welvaart, belasting op winste, belasting op besteding en kapitaalwinsbelasting, is die herverdelingsmetodes wat in Suid-Afrika gebruik word. ✓✓
- Progressiewe belasting beteken dat hoër inkomste-verdieners hoër of meer belasting sal betaal. ✓✓
- Maatskaplike dienste soos gratis basiese onderwys en primêre gesondheidsorg is van die herverdelingsmetodes. ✓✓

(Aanvaar enige ander relevante en korrekte antwoord.) (Enige 2 x 2)
(Maks. 4)

(Ken 'n maksimum van 4 punte toe vir blote lys van feite of voorbeelde)

(4 + 4) (8)


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



4.5 **Hoe sal produsente reageer op die verskillende fases van die sakesiklus?**

- Wanneer die repokoers laag is, tydens die herstelfase, produseer besighede meer en indiensneming neem toe. ✓✓
- Tydens die voorspoedfase neem besighede lenings om hul besighede uit te brei namate produksie toeneem as gevolg van verhoogde vraag. ✓✓
- Wanneer 'n resessie plaasvind, ly besighede namate rentekoerse toeneem. ✓✓
- Besighede lê werkers af, verminder produksie ✓✓ en verminder betalings op afleweringsvoertuie en toerusting wat op krediet aangekoop word tydens die voorspoedfase. ✓✓
- Stygende repokoers tydens die depressiefase maak dit moeilik vir besighede om kop bo water te hou. ✓✓ Baie besighede sluit hul deure gedurende hierdie fase aangesien banke beslag lê op eiendom en toerusting wat in die voorspoedfase aangekoop is. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Enige 4 x 2) (8)

**[40]**



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING C

## VRAAG 5: MAKRO-EKONOMIE

- **Bespreek in detail die markte binne die vier-sektormodel. (26 punte)**
- **Hoe kan die toename in inspuitings ’n impak op die Suid-Afrikaanse ekonomie hê? (10 punte)**

### INLEIDING

- Markte koördineer ekonomiese aktiwiteite en bepaal pryse vir goedere en dienste ✓✓
- Die sirkelvloeimodel is ’n vereenvoudigde voorstelling van die interaksie tussen die deelnemers van die ekonomie ✓✓
  (Aanvaar enige ander relevante inleiding.) (2)

### HOOFDEEL

**Produkte- / Goedere-mark** ✓
- Produktemark is waar goedere en dienste gekoop en verkoop word ✓✓
- Besighede, regering en buitelandse sektor verskaf goedere en dienste en hul beweging word reële vloei genoem ✓✓
- Verbruikers, firmas, regering en buitelandse sektor koop goedere en dienste en hul betalings verteenwoordig geldvloei ✓✓
- Goedere word gedefinieer as enige tasbare items soos kos, klere en motors wat sekere menslike behoeftes bevredig ✓✓
- In ’nkapitaal goederemark word produkte soos geboue en masjinerie uitgeruil ✓✓
- Verbruikersgoederemark behels die verhandeling van duursame verbruikersgoedere, semi-duursame verbruikersgoedere en nie-duursame verbruikersgoedere ✓✓
- Dienste word gedefinieer as nie-tasbare aksies en sluit groot- en kleinhandel-, vervoer- en finansiële markte in ✓✓

**Faktor-/Hulpbronne/Insetmark** ✓
- Faktormark is waar produksiefaktore verhandel word, ✓✓ bv. die arbeidsmark, eiendomsmark en die finansiële markte ✓
- Huishoudings is die eienaars van produksiefaktore en hulle verkoop dit aan firmas om goedere en dienste te produseer ✓✓
- Die produksiefaktore is arbeid, entrepreneurskap, kapitaal en grond en dit word onderskeidelik vir lone, wins, rente en huur verruil. ✓✓
- Faktordienste is werklike vloeie, en dit gaan met teenvloeie van inkomste op die faktormark gepaard ✓✓

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**Finansiële markte** ✓
- Finansiële markte lewer finansiële dienste aan die ander deelnemers in die ekonomie deur surplusfondse in te samel en dit te leen aan diegene wat befondsing benodig. ✓✓
- Banke, versekeringsmaatskappye en pensioenfondse vorm deel van die finansiële markte ✓✓
- Finansiële markte is nie direk betrokke by die produksie van goedere en dienste nie, maar dien as ʼn skakel tussen huishoudings en besighede met surplusinkomste en ander deelnemers wat dit benodig ✓✓

**Geldmark** ✓
- Die geldmark is die mark vir korttermyn- en baie korttermyn spaar- en lenings ✓✓
- Die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) is ʼn sleutelinstelling in die geldmark ✓✓
- Die SARB administreer die funksie van wetgewing en bestuur van die geldmark ✓✓
- Geldmark sluit interbanklenings vir ʼn kort tydperk soos oornag in ✓✓
- Die sekuriteite wat verhandel word, sluit in korttermyndeposito's, korttermyn skuldbriewe en skatkiswissels ✓✓

**Kapitaalmark** ✓
- Die kapitaalmark is die mark vir langtermyn spaar en lenings ✓✓
- Die Johannesburgse Sekuriteitebeurs (JSE) is ʼn sleutelinstelling in die kapitaalmark ✓✓
- Die sekuriteite wat in hierdie mark verhandel word, is langtermyndeposito's, verbande en aandele ✓✓

**Buitelandse valutamark** ✓
- Die buitelandse valutamark is ʼn multinasionale mark waar geldeenhede van al die lande verhandel word, ✓✓ bv. die Suid-Afrikaanse rand kan vir die Amerikaanse dollar verruil word ✓
- Die buitelandse valutamark ontstaan wanneer een land goedere van ʼn ander land invoer en binnelandse geldeenheid omgeruil moet word om vir sodanige invoere te betaal ✓✓
- Buitelandse valuta kan by die banke en buitelandse valuta-agentskappe gekoop en verkoop word ✓✓
- Die Suid-Afrikaanse rand word vrylik op hierdie (valuta)markte verhandel en die waarde daarvan word deur die markkragte van vraag en aanbod bepaal. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)
**(Ken ʼn maksimum van 8 punte toe vir opskrifte/subopskrifte/voorbeelde.)**
**(Maks. 26)** (26)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## ADDISIONELE DEEL

**Toenames in inspuitings kan die Suid-Afrikaanse ekonomie soos volg beïnvloed:**

- Toename in beleggings sal die belastingbasis uitbrei en sodoende belastinginkomste vir die regering verhoog ✓✓
- Die regering se kapasiteit om infrastruktuur soos energie en vervoer te ontwikkel sal toeneem ✓✓
- Vestiging van nuwe besighede en infrastruktuurontwikkelingsprojekte sal meer werk skep ✓✓
- Verbruikersbesteding kan toeneem namate huishoudings meer inkomste ontvang wat lei tot 'n toename in totale vraag ✓✓
- Toename in staatsbesteding aan welsynsbetalings en maatskaplike ontwikkeling verbeter die lewenstandaard veral vir die arme mense ✓✓
- Toename in staatsbesteding in die vorm wat subsidies en aansporings aan besighede verskaf, sal produksie van meer goedere en dienste veroorsaak ✓✓
- Toename in subsidies kan die koste van produksie verlaag wat inflasie in die ekonomie sal verminder ✓✓
- Toename in Suid-Afrikaanse uitvoere kan lei tot die appresiasie van die rand wat die koste van die invoere van produksie-insette soos olie sal verlaag ✓✓
- Toename in uitvoerproduksie dra by tot 'n toename in die reële BBP van die land by ✓✓
- Betalingsbalansprobleme kan verminder namate die handelsbalans toeneem as gevolg van 'n toename in uitvoere ✓✓
- Deur die vermenigvuldigerproses sal die land se nasionale inkomste met 'n groter getal toeneem ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)
**(Ken 'n maksimum van 2 punte toe vir 'n blote lys van feite/voorbeelde.)**
(Aanvaar enige ander korrekte hoër orde reaksie.) (Maks. 10) (10)

## GEVOLGTREKKING

Markte is krities belangrike instellings in ons ekonomiese stelsel, omdat hulle die mark reguleer om prysstabiliteit en algemene sakevertroue te beskerm. ✓✓
(Maks. 2)
(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (2)
**[40]**


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES

- **Bespreek volledig die redes vir internasionale handel. (26 punte)**
- **Hoe kan ʼn swakker rand die ekonomie beïnvloed? (10 punte)**

**INLEIDING**

Internasionale handel gee verbruikers en lande die geleentheid om blootgestel te word aan goedere en dienste wat nie in hul eie lande beskikbaar is nie, of wat binnelands duurder sou wees. ✓✓ / Internasionale handel word beskryf as die uitruil van goedere of dienste oor internasionale grense. ✓✓

(Aanvaar enige korrekte relevante inleiding.) (2)

**HOOFDEEL**

<u>Vraag redes:</u>
Totale vraag na goedere en dienste word beïnvloed deur:

**Die grootte van die bevolking** ✓
- As die bevolkingsgroei toeneem, veroorsaak dit ʼn toename in vraag, daar is meer behoeftes wat bevredig moet word. ✓✓
- As die land nie genoeg goedere en dienste het nie, moet dit van ander lande af ingevoer word. Aangesien plaaslike verskaffers dalk nie aan hierdie vraag kan voldoen nie. ✓✓

**Inkomstevlakke** ✓
- Verandering in inkomste veroorsaak ʼn verandering in die vraag na goedere en dienste. ✓✓
- As die per kapita-inkomste van mense in die land styg – lei dit tot groter besteebare inkomste wat aan goedere en dienste bestee kan word. ✓✓
- Hierdie verhoogde vraag moet bevredig word – as daar nie genoeg goedere en dienste in die land is nie – moet goedere en dienste ingevoer word. ✓✓

**Verandering in die rykdom van die bevolking** ✓
- ʼn Toename in welvaart lei tot ʼn groter vraag na goedere ✓✓
- Mense het meer toegang tot lenings en kan groter en meer luukshede koop. ✓✓
- As die land self nie hierdie luukshede en hoogs tegnologiese produkte kan verskaf nie – moet sulke goedere ingevoer word ✓✓
- Hierdie faktore is gunstig vir ontwikkelde lande, maar nie vir ontwikkelende lande nie. ✓✓
- Ontwikkelde lande baat meer by internasionale handel as ontwikkelende lande. ✓✓

**Voorkeure en smake** ✓
- Voorkeure en smake kan ʼn rol speel in die bepaling van pryse, bv., kliënte in Australië verkies ʼn spesifieke produk wat hulle nie produseer nie en moet invoer, en dit sal ʼn hoër waarde hê as in ander lande. ✓✓

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**Die verskil in verbruikerspatrone** ✓
- Dit word bepaal deur die vlak van ekonomiese ontwikkeling in ŉ land. ✓✓
- Die verbruikspatrone van ontwikkelde lande sal verskil van dié van ontwikkelende lande. ✓✓
- Byvoorbeeld, ŉ swak ontwikkelde land sal ŉ hoë vraag na basiese goedere en dienste hê, maar ŉ laer vraag na luukse goedere. ✓✓
- Die behoefte aan basiese benodigdhede, soos voedsel in ontwikkelende lande, kan daartoe lei dat meer benodigde goedere ingevoer word. (Vraag na tegniese items) ✓✓

**Aanbodredes** ✓

**Natuurlike hulpbronne (produksiefaktore)** ✓

- Natuurlike hulpbronne is nie eweredig versprei tussen alle lande van die wêreld nie. ✓✓
- Hulle verskil van land tot land en kan slegs uitgebuit word op plekke waar sulke hulpbronne gevind word. ✓✓
- Elke land het sy eie unieke mengsel van natuurlike hulpbronne wat hulle in staat stel om sekere goedere en dienste meer effektief en teen ŉ relatief laer prys te produseer. ✓✓
- Suid-Afrika se goud- en diamantbronne het ons byvoorbeeld ŉ voordeel gegee in die produksie van goud en diamante. ✓
- Suid-Afrika is goed toegerus met verskillende natuurlike hulpbronne, maar minder hulpbronne met geskoolde arbeid en kapitaal. ✓✓
- Japan en Ierland wat ŉ oorvloed van geskoolde arbeid het, maar hulle het ŉ gebrek aan natuurlike hulpbronne. ✓✓

**Klimaatstoestande** ✓

- Verskille in klimaatstoestande tussen lande maak dit vir sekere lande moontlik om sekere goedere teen ŉ laer prys as ander lande te produseer. ✓✓
- Baie gewasse kan slegs in sekere klimaatstoestande in sekere gebiede en sekere soorte grond verbou word. ✓✓
- Lande met gunstige klimaatstoestande maak dit vir ander moontlik om sekere goedere teen ŉ laer prys te produseer.✓✓
- ŉ Voorbeeld is Brasilië, wat die grootste produsent van koffie ter wêreld is. ✓

**Arbeidshulpbronne** ✓

- Arbeid verskil tussen verskillende lande in terme van vaardighede, kennis, opleiding, kwaliteit, kwantiteit en ook koste. ✓✓
- Sommige lande het hoogs geskoolde, goed betaalde werkers en hoë produktiwiteitsvlakke, soos Switserland (horlosievervaardiging). ✓✓
- Dit stel hulle in staat om goedere en dienste teen laer pryse te produseer as wat dit deur ander lande geproduseer kan word. ✓✓

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**Tegnologiese hulpbronne** ✓

- Die ontwikkelingsvlakke en innovasieprosesse van lande sal altyd verskil en gevolglik kan ander lande dit in oorvloed hê, terwyl ander nie. ✓✓
- Lande soos Duitsland en die VSA is in staat om kapitaal te gebruik wat hoë vlakke van tegnologie vereis, terwyl ander lande nie toegang het tot die nuutste tegnologie, soos basiese internetdienste en gesondheidsorg nie. ✓✓
- Daardie lande wat hoë tegnologiese arbeidskragte het, is in staat om sekere goedere en dienste teen ʼn lae eenheidskoste te produseer, soos die ontwikkelde lande. ✓✓

**Spesialisasie** ✓

- Sommige lande spesialiseer in die produksie van sekere goedere en dienste. ✓✓
- Deur te spesialiseer in die produksie van ʼn sekere goed of diens, stel dit ʼn land in staat om voordeel te trek uit skaalvoordele, en kan dus die goed teen ʼn komparatiewe voordeel produseer. ✓✓
- Byvoorbeeld, Japan spesialiseer in die vervaardiging van sekere elektroniese goedere, en verkoop dit teen ʼn baie laer prys as wat dit in ander lande vervaardig kan word. ✓✓
- Dit lei dikwels tot massaproduksie as gevolg van arbeidsverdeling, outomatisering en meganisasie. ✓✓
- Kosteverskille kom voor omdat goedere en dienste teen laer koste in een land as ʼn ander land geproduseer kan word as gevolg van die teorie van komparatiewe voordeel.✓✓
- Die meeste van hierdie surplusproduksies word na ander lande uitgevoer en die inkomste wat uit hierdie uitvoere verdien word, kan gebruik word om hul invoere te finansier. ✓✓

**Kapitaal** ✓

- Kapitaal kan nie so maklik in sekere lande as in ander verkry word nie. ✓✓
- Ontwikkelde lande geniet die voordeel bo ontwikkelende lande. ✓✓
- Weens ʼn gebrek aan kapitaal kan sekere lande nie al die goedere produseer wat hulle benodig nie, of hulle geniet nie die gunstige toestande soos in ander lande nie ✓✓
- In sommige lande moet hulle hul nywerhede en ekonomieë moderniseer met gevorderde masjinerie, toerusting (aanlegte), maar kan nie hierdie toerusting vervaardig nie, omdat hulle nie die kapitaal het om dit te doen nie. ✓✓
- Hierdie faktor het dus die behoefte aan internasionale handel verhoog. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.)
**(Ken ʼn maksimum van 8 punte vir opskrifte, lys van feite en voorbeelde.)**
(Maks. 26 punte) (26)

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## ADDISIONELE DEEL

**Hoe kan ’n geldeenheid (rand) depresiasie die ekonomie beïnvloed?**

Valuta-depresiasie kan die ekonomie positief beïnvloed wanneer:

- Dit word gebruik as ’n uitbreidende monetêre beleid om sikliese maatreëls teen te werk om vraag, winste, uitset en werksgeleenthede te stimuleer wanneer ’n ekonomie in ’n resessie is. ✓✓
- Dit bring ’n verbetering in die handelbalans deur hoër uitvoerverkope. ✓✓
- Dit bied ’n mededingende hupstoot aan ’n ekonomie deur die waarde van winste en inkomste te verhoog vir ’n land se besighede met beleggings oorsee. ✓✓
- Dit lei tot ’n positiewe vermenigvuldiger binne die sirkulêre (kringloop) vloei van inkomste en besteding. ✓✓

Valuta-depresiasie kan die ekonomie negatief beïnvloed wanneer:

- Dit maak dit moeiliker vir die regering om ’n begrotingstekort te finansier as buitelandse beleggers vertroue verloor. ✓✓
- Dit verhoog die koste van invoere bv. stygende pryse vir noodsaaklike voedsel, grondstowwe, wat die langtermyn-produktiewe potensiaal van ’n ekonomie beïnvloed. ✓✓
- Dit maak dit moeilik om te betaal vir ’n handelstekort wat aan oorsese krediteure verskuldig is. ✓✓

(Aanvaar enige ander korrekte relevante antwoord.) (Maks. 10) (10)

## GEVOLGTREKKING

Internasionale handel is belangrik vir lande om ekonomies te oorleef, aangesien handelshindernisse alle lande sal benadeel as gevolg van hul onderlinge afhanklikheid wêreldwyd. ✓✓
(Aanvaar enige ander relevante hoër-orde gevolgtrekking.) (Maks. 2) (2)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

SA EXAM PAPERS